Publication: Landbouweekblad
Date: 06 Jan 2017
Page: 6

LBW | GASSKRYWER



ANDERKANT DIE REËNBOOG

# DIE PAD VORENTOE

Die toekoms van Suid-Afrika se landbousektor sal bepaal word deur niks minder nie as wat ons met ons bates doen – ons mense, ons grond en ons water.

Indien ek vandag in beheer van die landbou was, sou ek heel eerste die voormalige Transkei sover wou kry om landboukundig sy volle potensiaal te bereik. Dit kan die grootste enkele bydrae tot voedselproduksie in Suid-Afrika lewer. Die land moet regtig ernstig begin om sy bates en hulpbronne doeltreffender te gebruik.

In die verlede was die toekoms van Suid-Afrika altyd op die rykdom van die mynbousektor gebou. Met minerale wat byna uitgeput is, word die toekoms egter in gevaar gestel. Waar sal ons finansiële krag vandaan kom? En terwyl ons hieroor wonder, vloei veel meer geld uit die land as wat ons besef.

Toe ons die Nasionale Ontwikkelingsplan geskryf het, het ons onvoorwaardelik gesê ons moet Suid-Afrika se oorblywende mineralehulpbronne gebruik om die jeug se vaardighede te verbeter sodat ons internasionaal mededingend kan raak. Die ware hulpbron van enige land is altyd sy mense. Dit is noodsaaklik om mense behoorlik op te lei. Om dít te laat te gebeur, sal ons eenvoudig moet keer dat geld net na ons vriende toe vloei en dit eerder in ons jeug belê.

**Die toekoms** gaan ook deur hongersnood gevorm word. Die wêreld het gesien hoe kospryse tot die Arabiese Lente gelei het, en ons sien ook in ons eie land hoe hongerte die toekoms kan bepaal.

Ek dink elke dag daaraan dat die landbou 60% van Suid-Afrika se waterhulpbronne gebruik. Nou is daar owerhede wat van dié water na die stede wil stuur. Die tameletjie is egter dat die landbou nie die os en die ploeg is nie. Dit is ook nie die trekker en die nuwe stroper nie. Die landbou is die proses waardeur die boer water in proteïene omskakel. Wanneer jy die water wegvat, vat jy die proteïene weg, en dan kry jy 'n honger mens. En 'n honger mens is 'n ontstoke mens.

Gevolglik gaan die toekoms deur hongerte gevorm word, en toenemend ook deur lewenskoste. Neem byvoorbeeld die koste daarvan om 'n student universiteit toe te stuur. Teen R100 000 per jaar – waarvan 50% die klasgeld is en 50% die lewenskoste – is dit vir baie mense eenvoudig onbekostigbaar. Geen wonder onvolhoubaarheid staar die land in die gesig nie. Dié koste kan egter meer as gehalveer word deur middel van moderne oplossings, soos gemengde onderrig (*blended learning*), waar aanlynonderrig met tradisionele klasloop gekombineer word.

Die toekoms word ook bepaal deur ons vermoë om te regeer. Hardwerkende regeringsburokrate het byvoorbeeld al R200 miljard aan grondhervorming uitgegee. Dit is 'n astronomiese bedrag, maar heeltemal te min van dié reusebesteding het die gewenste resultate behaal.

Ons wantrou ook die markte. Die markte is egter soos Antony se beskrywing van Cleopatra: "Ouderdom kan haar nie verwelk nie, en gewoonte kan nie haar oneindige veelsydigheid verskraal nie."

Ja, markte kan munt slaan uit boere, en hulle doen dit ook. Maar hulle het ook die "oneindige veelsydigheid" om ons te ondersteun. Ons moet net op 'n intelligente manier met hulle saamwerk, want ons behoud as entrepreneurs lê in ons markte. 'n Slim nasie is een wat altyd 'n manier vind om die markte vir hom te laat werk. Dit moet gedoen word terwyl 'n moderne bedryf gebou word.

**Uiteindelik word ons toekoms** deur een eenvoudige vraag bepaal: Is ons mense wat gee of eerder mense wat neem? Indien ons 'n toekoms in die landbou wil hê, gaan dit nie 'n finansiële toekoms wees nie. Dit gaan nie aandele wees wat ons eendag teen 'n groot wins kan verkoop nie. Die kern van die landbou gaan oor die beginsel van bereidwilligheid. Is jy daarop voorberei om meer in die land terug te ploeg as wat jy daaruit gehaal het? Boere verstaan dit.

Laastens moet ons betrokke raak by nasiebou. Suid-Afrika se bevolking word toenemend gepolariseerd wat ras betref.

Verlede jaar se wenner van die Jongboer van die Jaar-kompetisie in die Oos-Kaap was Tshilidzi Matshidzula, 'n jong man wat oorspronklik van Thohoyandou kom. Hy is 'n melkboer wat nou deel is van die kommersiële boerderygemeenskap. En dit alles omdat Jeff Every van Amadlelo Agri en die melkboer Walter Biggs en sy vrou, Jane, iets in hierdie jong man raakgesien het, besluit het om iets te doen en gesê het: "Hier is jong, Godgegewe talent wat ontwikkel moet word. Ons kan dit ignoreer of ons kan dit laat gebeur."

En hulle het – sonder 'n sent van die staat. Ek lig my hoed vir hulle. Ons kan nie anders as om mense te respekteer wat onder regerings oorleef wat te min ondersteuning aan hul boere bied nie. Die sterkste nasies, dié wat uiteindelik tot bo uitstyg, is daardie nasies wat minder op die staat steun. **– MOHAMMAD KARAAN**

*Prof. Mohammad Karaan is 'n lid van die Nasionale Beplanningskommissie en dekaan van die fakulteit landbouwetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch. Hy boer by Robertson. As 'n klein seuntjie het sy gemeenskap sy obsessie om eendag 'n boer te wees, 'n bietjie vreemd gevind.*

*Chris Burgess is tans met sabbatsverlof en sal weer in Maart sy rubriek hervat.*